Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton
Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

4 Mei 2023

AAN: Predikante en diensleraars, NG Kerk in Oos-Kaapland

Beste vriende,

JY IS UITGENOOI NA DIE GROOT PREDIKANTEBYEENKOMS: 6-8 JUNIE 2023
TYD OM IN TE SKRYF

. Hierdie is 'n uitnodiging om deel te neem aan kuier, gesprek en sinvolle insette saam met ander kollegas. Baie van ons is nuut in die sinodale gebied, sodat daar vir almal 'n kans is om nuwe vriende te maak. (Dankie aan almal wat reeds ingeskryf het)

Die Groot Predikantebyeenkoms is vir alle gelegitimeerde predikante en diensleraars in Oos-Kaapland. Ons kom bymekaar van 6-8 Junie 2023 by die Willows Konferensiesentrum en Vakansieoord digby Port Elizabeth. Daar is genoeg slaapplek, ingesluit by die koste, vir predikante van ver. Plaaslike predikante kan kies of hulle by Willows wil oorslaap of tuis. Plaaslike leraars kan so aandui op die inskrywingsvorm.

Die doel is om samesyn en vriendskap bevorder, dus mekaar beter leer ken, geestelik versterk word, lekker ontspan en bewus word wat die Here vir ons as 'n groep op die hart druk.

Dit sal ook wonderlik wees om na Covid net weer 'n slag as vriende bymekaar te kuier. Die klem val op onderlinge bemoediging.

Etes, verversings en verblyf is ingesluit by die koste van R400 vir die drie dae. Ons vra wel dat Ringe die reiskoste dra.

PROGRAM:

Registrasie open om 10:00 op 6 Junie, ons begin om 12:00, en ons verdaag met middagete op 8 Junie 2023. Daar is geen formele aandprogram nie, wel aandete, sodat predikante lekker kan saamkuier. Stap, visvang en selfs swem (vir die dapperes) is moontlik. Ons bly in selfsorgeenhede.

Tydens ons dagprogram gaan prof Marius Nel van Stellenbosch insette maak oor sy nuwe publikasie, Ons Wil Jesus Sien (met dr Coenie Burger as medeskrywer). Dr Laetitia de Coning kom prakties oor selfsorg vir predikante met ons werk.

Daar is geen formele aandprogram nie, wel aandete, sodat predikante lekker kan saamkuier.

Stap, visvang en selfs swem (vir die dapperes) is moontlik. Ons bly in selfsorgeenhede.

INSKRYWING:

Voltooi asb die inskrywingsvorm en betaal asb onverwyld die registrasiefooi in die Sinode se bankrekening. Die inskrwywingsvorm is aanlyn, hier is die skakel: https://forms.gle/9a1m7SNzd8tiDisz6.

Etes, verversings en verblyf is ingesluit by die koste van R400 vir die drie dae. Ons vra wel dat Ringe die reiskoste dra.

Slaapplek: Dit is ingesluit by die koste en ons aanvaar predikante van ver slaap by Willows oor. Dit is gerieflik. Plaaslike predikante kan tuis oorslaap. Ons vra dat jy tot en met aandete bly.

Die sluitingsdatum is Woensdag, 24 Mei 2023.

Bankbesonderhede:
NG Kerk Oos-Kaapland
ABSA Lopende rekening
290 581 192
Verwysing op bankstaat: Groot + [Jou Van]
Betalingsbewys: E-pos na me Chantall Vermaak by sinode@ngkok.co.za

Navrae: Danie Mouton, danie@ngkok.co.za

Met beste wense,

Ds Danie Mouton
Direkteur Sinode